Ontmoetingsdiens

Votum

Seën

Lofpsalm: Ps. 47: 1 & 4

1

Juig, o volke, juig!

Handklap en betuig

voor die HEER jul vreug!

Wees in God verheug!

Sing Hom lof en prys

op verhewe wys,

want bo al wat leef

en voor Hom moet beef,

sal sy septer wink

en sy glorie blink -

Allerhoogste in eer,

groot is God die HEER!

4

Psalmsing tot Gods eer!

Weet dat Hy regeer.

Hy het opgevaar,

Koning is Hy daar

van die heidendom.

Vorste en volke kom

om sy volk te wees,

Abrams God te vrees.

Skild en teëweer

is van U, o HEER!

Sing dan juublend bly!

Hoog verhewe is Hy!

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Psalm 110:1-7 Afrikaans 33/53

Die Priesterkoning.

VAN Dawid. ’n Psalm.

Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak ’n voetbank vir u voete.

2U magtige septer sal die HERE uitstrek uit Sion *en sê:* Heers te midde van u vyande.

3U volk sal baie gewillig wees op die dag van u krygsmag; in heilige feesgewade, uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe.

4Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

5Die Here aan u regterhand verbrysel konings op die dag van sy toorn.

6Hy sal ’n strafgerig hou onder die nasies; Hy maak dit vol dooie liggame; Hy verbrysel ’n hoof oor ’n groot land.

7Uit die stroom sal Hy drink op die pad; daarom sal Hy die hoof ophef.

Fokus: Psalm 110: 1 & 4

Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak ’n voetbank vir u voete.

4Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

Wie is hierdie persoon waarvan Psalm 110 praat?

110:1 Die Koning

Hierdie Psalm is eintlik een helfte lied en ander helfte profesie. Die eerste reël, na die opskrif, ’n Psalm van Dawid, vertaal letterlik, “*Die godspraak/orakel van JHWH aan my*

Heer". 'n Godspraak is iets wat normaalweg aan die profete in die OT gekom het en het die bedoeling gehad dat God 'n boodskap aan sy volk gaan aankondig. Normaalweg is behels die boodskap 'n aankondiging oor wat die Here gaan doen, hetsy dit verlossing is, oordeel, ens. Dit is woorde waarmee die Psalm en dit lê baie sterk klem op die Here se direkte boodskap aan sy Koning. 'n Tweede boodskap word in vers 4 gegee rakende hierdie Koning se Priesterskap gegee.

Die HERE het tot my Here gespreek: Dit klink sekerlik baie vreemd as Dawid, wat self koning is, van iemand anders praat as sy Here. Dawid was self nie die enigste een wat van so 'n onbekende Persoon gepraat het as my Here nie. Josua het in Jos. 5:13-15 'n onbekende Man ontmoet. "*En terwyl Josua by Jerigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan 'n man teenoor hom met 'n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande? En Hy sê: Nee, maar Ek is die leërowerste van die HERE; Ek het nou gekom. Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here aan sy dienskneg sê? Toe sê die leërowerste van die HERE vir Josua: Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilig. En Josua het so gedoen.*" Soos Josua, wat gesê het: "*Wat wil my Here aan sy dienskneg sê?* Val Dawid hier (so te sê) neer en aanbid die Man wat voor hom staan . So volg nou die woorde van God na die Here van David.

"*Sit aan my regterhand*". Die Persoon waaroor hier gepraat word, is duidelik iemand wat baie meer voorregte geniet as koning Dawid self. Watter mens of watter skepsel het hierdie voorreg al oor ontvang? Hier word beslis nie na 'n aarde koning verwys nie. Party kritiese kommentare wil dit so interpreteer as of hierdie Psalm gedig is in 'n tyd na die ballingskap van Juda, en dat dit verwys na iemand soos Serubbabel en Josua die hoëpriester of selfs 'n latere regeerder. Maar selfs Serubbabel en Josua die hoëpriester

het nooit hierdie voorreg geniet nie. Trouens in Sagaria lees ons dat beide die goewerneur Serubbabel en Josua die hoëpriester in diens staan van ’n ander Here as hulle.

“*U magtige septer sal die HERE uitstrek uit Sion en sê: Heers te midde van u vyande*” Let op hoe volkome in harmonie die HERE (Jahwe) en hierdie Koning met mekaar is. Die Here self gee aan hierdie Here van Dawid sy septer om te heers. Die woord wat die 33/53 vertaal as “heers” beteken om te onderwerp. Dit is ’n baie sterk kontras met die volgende woorde in vers 3, “*U volk sal baie gewillig wees op die dag van u krygsmag*” Hierdie idee van vrywillige opoffering en gehoorsaamheid kom sterk in Paulus se briewe voor, bv. In Rom. 12:1 “*Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.*”

110:4 Die Priester

“*Die HERE het gesweer*” In vers 4 kry ons die tweede opskrif soos in vers 1. Maar hier kry ons nie net ’n godspraak/orakel nie, maar ’n eed wat gesweer word.

As die Here ’n eed aflê dan is dit as of Hy by Homself sweer. ’n Godspraak vorm deel van ’n belofte aan iemand anders, maar ’n eed is iets wat jy by ’n hoër gesag aflê, met getuies rondom jou wat jou kan hou by jou eed. “En omdat God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit onveranderlik is, het Hy dit met 'n eed gewaarborg.” As God ’n eed aflê dan sweer Hy by Homself. As iets sterker is as 'n goddelike orakel, is dit 'n goddelike eed. En dit word verder versterk deur die belofte dat

God nie van plan sal verander nie. Dit is anders as wat met Eli gebeur het in die tyd van Samuel. "*Daarom lewer die Here die God van Israel uitspraak: Ek het nadruklik gesê: Jou huis en jou nageslag sal My altyd in die tempel dien. "Maar nou sê Ek, die Here: Dit sal nie gebeur nie, want die een wat My eer, sal Ek eer, en die een wat My minag, sal Ek minag.*" Hierdie priester sal nooit sy amp misbruik nie, en hierdie priesteramp is meer volmaak (soos die Nuwe Testament sal wys) as dié van die hele huis van Levi.

Die gedeeltes wat hierdie orakel duidelik maak, is Genesis 14:18-20 en Hebreërs 5:5-10. Ons gaan dit nou lees.

Gen. 14:18-20 "*Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles*."

Heb. 5:5-10 "*So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer. Soos Hy ook op 'n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs — Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek.*"

Hieruit blyk dat beide die naam Melgisedek (koning van die geregtigheid) en sy amp as koning van Salem (d.w.s. van Jerusalem, waarvan die verkorte vorm Salem "*vrede*" vertaal) van hom 'n gepaste prototipe gemaak het vir die Een wat sou kom, nl. ons Here Jesus. Hieraan kan bygevoeg word dat, in Melgisedek, priesterskap en koningskap verenig is soos in Christus.

Die toevoeging van "vir ewig" is miskien die belangrikste frase van almal. Dit is wat ons versekering beklemtoon. Dit is 'n hooftema van die brief aan die Hebreërs in Hebreërs 5:6, waar die ewige priester 'n ewige verlossing bied (5:9), in teenstelling met die tydelike priesters wie se arbeid onvoldoende was.

Uit wat ons nou geleer het, is dit baie duidelik dat Psalm 110 'n profetiese woord van Dawid is onder leiding van die Heilige Gees. En hierdie Psalm praat nie van 'n gewone koning en priester wat gedien het in Israel se tyd nie. Dit getuig van ons Here Jesus Christus as volmaakte koning en priester. Christus bevestig dit self in Markus 12:35-37 "*En terwyl Jesus in die tempel leer, antwoord Hy en sê: Hoe sê die skrifgeleerdes dat die Christus die seun van Dawid is? Want Dawid self het deur die Heilige Gees gesê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete. Dawid self noem Hom dus Here; waarvandaan is Hy dan sy seun? En die groot menigte het graag na Hom geluister*."

a. Hy is nie net groter as Dawid nie (Hand. 2:34, “want Dawid het nie in die hemel opgevaar nie”), maar groter as die engele (Heb. 1:13, “*En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand*”);

b. God het hom so nadruklik verhoog soos wat die mens hom verwerp het (Hand. 5: 30-31, “*Die God van ons vaders het Jesus opgewek, wat julle omgebring het deur Hom aan ‘n kruishout te hang. Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk.*”);

c. Dit is as Verlosser en Voorbidder wat hy regeer (Rom. 8:34, “*Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.*”);

d. ('Sit ...'): In teken van 'n voltooide taak sit hy (Heb. 10: 11f., “*En elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie; maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God*”);

e. (‘Totdat…’): Hy wag op die laaste oordeel (Heb. 10:13, “*en wag nou verder totdat sy vyande gemaak is ‘n voetbank van sy voete.*”; vgl. Ook 1 Kor. 15: 25 “*Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.*”).

Glo in hierdie Priester-Koning as jou Here en Verlosser!

Antwoorddiens

Gebed

Slotsang: Ps. 110: 1, 2 & 8

1

Die HEER is dit wat tot my HEER gespreek het:

"Sit aan my regterhand as hoogste HEER,

tot Ek u vyand in sy mag gebreek het,

hom werp as voetbank voor u voete neer.

2

"Aan U, so hoog in heerlikheid verhewe,

gee Ek uit Sion, waar U sit ten troon,

die heerserstaf oor wie u mag weerstrewe.

Sprei voor hul oog u heerskappy ten toon!"

8

Gods Grootvors sal, omdat Hy dors gely het

- so het Hy hul gejaag in somertyd! -

buk by die beek as Hy die stryd volstry het,

en dan sy hoof hoog ophef na die stryd.

Seën